# Hoërskool Wolmaransstad

| | | |
|---|---|---|
| Vak | : | Afrikaans Huistaal |
| Graad | : | 8 |
| Datum | : | 14 NOVEMBER 2019 |
| Tydsduur | : | 2 ure |
| Totaal | : | 70 |
| Eksaminatrise | : | A. Treurnich |
| Moderatrise | : | M. le Roux |

---

## **Instruksies :**

- Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** afdelings.
- Beantwoord al die vrae in hierdie vraestel.
- Begin **ELKE AFDELING** op 'n **NUWE** bladsy.
- Trek 'n **LYN** na **ELKE VRAAG.**
- Skryf netjies en leesbaar.
- ONTHOU : **SPELLING TEL**!

**AFDELING A : BEGRIPSTOETS**

**VRAAG 1: KOERANTBERIG**

Lees en kyk na die onderstaande koerantberig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A**

## Verslaendheid na vrees en vlamme

Geskryf deur : Jackie Kruger

1. 'n Gees van verslaendheid hang oor die Tuinroete – duisende mense is dakloos nadat wegholbrande meer as 160 huise binne 24 uur verwoes het.

2. Swart murasies, verkoolde bome en uitgebrande motors staan op plekke in 'n gebied wat strek van Sedgefield tot by Plettenbergbaai.

3. Teen gistermiddag was die meeste brande in bedwang, maar nie noodwendig onder beheer nie.

4. "Ons is besig om te wen. Alles sal egter afhang van die wind môre", sê Gerhard Otto, hoof van Eden-rampbestuur.

5. Volgens Otto is lugsteun gistermiddag vir 'n uur en 'n half ingespan. Alle gebiede word fyn dopgehou.

6. Volgens Otto bemoeilik die wind die situasie. Die koel weer verlig sake darem effens.

7. Sowat 145 huise in Knysna is vernietig en sowat 20 by Plettenbergbaai.

8. In Knysna het sommige woonbuurte in geheel afgebrand. Die brande het omliggende gebiede in Knysna sonder elektrisiteit gelaat. Waar moontlik word kragopwekkers ingespan. In Sedgefield is die waterwerke buite werking en die soutaanleg word gebruik.

9. Dis nie net huise wat onder brandskade deurgeloop het nie. In Belvidere is 'n munisipale stoor afgebrand. Verskeie paaie is steeds gesluit, maar die hoofroetes is oop.

10. Selfoonverbindings is Woensdagoggend onderbreek en is eers weer gister omstreeks 09:00 herstel. Die Knysna-hospitaal is nou oop, maar vier klinieke in die gebied is gesluit.

11. In Bitou, wat Plettenbergbaai insluit, was al die gebiede wat Eskom-krag ontvang, sonder elektrisiteit.

**TEKS B**

## "Ek't nie 'n huis nie; net 'n murasie"

Geskryf deur : Eugene Gunning

12. Swaar rookwolke het oor die strandmeer gehang terwyl ligte reën by tye uitgesak het. Hier en daar het brande nog gesmeul en nooddienste was steeds hard aan die werk. Plek-plek het uitgebrande motors gestaan.

13. By Belvidere het Struan Law op sy plaas, Uitsicht, tussen die murasies van sy uitgebrande huis gesoek na goed wat nog gebruik kan word. Sy jackrusselhond, Dutamis, wat vermis was sedert die brand uitgebreek het, het sy opwagting gemaak.

14. Omstreeks 14:00 was hy op pad huis toe, toe hy van die brand hoor. Met sy aankoms was dit net rook en hy kon nie die huis sien nie.

15. Law het alles verloor. "Ek het net die klere aan my lyf", sê hy. Sy vrou is 'n paar jaar gelede oorlede en hy het drie kinders van onderskeidelik vyf, sewe en nege jaar oud.

16. Anton du Plessis, wat in die gebied boer, se plaas en huis het heeltemal afgebrand.

17. "Ek het nie meer 'n huis nie. Ek het net foto's van 'n huis. Dis 'n murasie. daar is niks oor nie. 'n Vriend het vandag gegaan en die kluis en kaggel gaan uitbreek".

18. Volgens hom is dit moeilik vir mense om te verduidelik hoe hy voel.

[Verkort en verwerk uit *Die Burger*, Vrydag, 9 Junie 2017]

TEKS A

1.1 Vanaf watter TWEE plekke strek die Tuinroete volgens die berig? (2)

1.2 Beskryf in jou eie woorde die atmosfeer van die berig volgens paragraaf 1 en 2. Moenie aanhaal nie. (2)

1.3 Verduidelik in jou eie woorde wat beteken: "die meeste brande was in bedwang, maar nie noodwendig onder beheer nie." (paragraaf 3). (2)

1.4 Wat is die EEN groot faktor, volgens Otto, wat daartoe kan bydra of die brand onder beheer gebring sal word? (1)

1.5 Wat sal die gevolg gewees het indien die wind weer sou begin waai? (1)

1.6 Waarna verwys die woord 'lugsteun' in paragraaf 5? (1)

1.7 Verduidelik wat die gevolg van die brande op verskillende aspekte van die alledaagse lewe, plantegroei en diereryk sal wees. (3)

**[12]**

TEKS B

1.8 Kies die mees gepaste beskrywing vir die woord "murasie" (paragraaf 17) uit die lys hier onder. Skryf slegs die nommer en die letter neer.

A. 'n Uitgebrande motor
B. Verkoolde bome
C. 'n Uitgebrande gebou
D. 'n Swart gebou (1)

1.9 Wat is die naam van Straun Law se plaas? (1)

1.10 Wat is die EEN ding wat Anton du Plessis as 'n herinnering van sy huis oor het. (1)

1.11 Hoekom dink jy is dit vir die spreker in paragraaf 18 moeilik om aan ander mense te verduidelik hoe hy voel? (2)

1.12 Simpatiseer jy met die mense wat volgens die koerantberig skade gely het? Wat sou jy doen indien jy in dieselfde situasie was? (3)

**[8]**

---

**AFDELING B : OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks deur en maak 'n OPSOMMING van die SEWE wenke hoe 'n mens goeie maniere in die teater kan toon.

- Beplanning en finaal moet gedoen word.
- Die opsomming moet in paragraafvorm geskryf word.
- Die opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Skryf aan die einde van jou opsomming die aantal woorde tussen hakies neer.

## DOEN MY 'N GUNS EN BLY BY DIE HUIS: 'N LES IN TEATER-ETIKET

1. Ek het agtergekom dat daar deesdae mense is wat dink 'n aand in die teater is dieselfde as 'n uitstappie Nuweland toe. Hier is 'n paar wenke vir jou om aan te dink:

2. As die deure van die teater toegemaak is, sien jy nie die vertoning nie. Mense wat nie betyds vir 'n produksie kan wees nie, verdien nie om eers die voorportaal van die teater te betree nie. So, moenie laat wees nie.

3. Daar is niks wat akteurs so vining op hul senuwees maak soos mense wat nie 'n vertoning kan deursit nie. Moet asseblief nie tydens die vertoning opstaan nie.

4. Die grootste probleem bly steeds die selfoon. Skakel dit af of bly by die huis as jy 'n dringende oproep verwag – dan pla jy ten minste nie die gehoor en akteurs nie.

5. As die teaterligte afgaan, begin die produksie en moet jy stilbly. Vir solank die verhoogligte aan is, moet jy jou mond hou. Niemand stel belang in jou opmerking oor die produksie nie.

6. Nog 'n ding wat uiters irriterend is, is as iemand tydens 'n produksie eet of drink. Doen dit voor of na die vertoning. Dis vir niemand lekker as jy in hulle ore kou nie.

7. Jy kan applous aan die einde van die produksie gee – wanneer die akteurs buig en die ligte weer aangeskakel is en jy ander mense ook hoor klap.

8. Laastens, wees respekvol teenoor die akteurs, gehoor en produksiespan vir die harde werk wat hulle doen. Gebruik dit as 'n geleentheid om jouself te verryk. As jy dit nie kan doen nie, doen my 'n guns en bly by die huis.

*Deur Francisca Heese*

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C : TAAL**

**VRAAG 3**

Lees die grappie in elke blok en beantwoord dan die taalvrae.

**GEKRABBEL**

Katinka kom van die skool af en vertel baie bekommerd vir haar ma die juffrou wil hê sy moet leer om duideliker te skryf. "Dit sal mos nie 'n probleem wees nie", sê haar ma. Verergd antwoord Katinka: " Ja, dit sal. Dan sal sy agterkom ek kan nie spel nie!"

**Bron: Huisgenoot Digitaal, 7 Junie 2018**

3.1 ***Skool*** word in hierdie grappie as 'n soortnaam gebruik. Maak 'n verklarende sin waar skool as 'n versamelnaam gebruik word. (1)

3.2 Gee 'n gepaste sinoniem vir die woord **verergd**. (1)

3.3 Gebruik die homoniem van **leer** in 'n verklarende sin. (1)

3.4 In die grappie word die woord **probleem** as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Brei hierdie woord uit deur 'n attributiewe byvoeglike naamwoord in te sit. (1)

3.5 Hoekom word Katinka met 'n hoofletter geskryf? (1)

3.6 Skryf die korrekte woord tussen hakies neer.

Juffrou kan nie Katinka se (skryf) lees nie. (1)

3.7 Gee die oortreffende trap vir **duidelik.** (1)

3.8 Haal 'n infinitief aan uit die bostaande grappie. (1)

3.9 Lees die eerste sin en identifiseer die lidwoord. (1)

3.10 Gebruik die woord **spel** as 'n afgeleide selfstandige naamwoord. (1

**BIBBERWEER**

Hoe weet jy wanneer dit regtig koud is in die Vrystaat? Die boere <u>trek</u> twee kortbroeke <u>aan</u>.

**Bron: Huisgenoot Digitaal, 7 Junie 2018**

3.11 Gee die intensiewe vorm vir **koud**. (1)

3.12 Kies die korrekte antwoord tussen hakies: **twee** is in hierdie grappie 'n voorbeeld van 'n (bepaalde rangtelwoord/ bepaalde hooftelwoord / onbepaalde hooftelwoord / onbepaalde rangtelwoord) (1)

3.13 Die onderstreepte werkwoord kan as ‘n skeibare werkwoord gesien word. Maak ‘n sin om te toon dat die werkwoord ook as een woord gebruik kan word. (Deeltjiewerkwoord) (2)

**SKOOL**

Fanie se ma wil weet hoe was die dag by die skool.
Fanie: “Dit was wonderlik! Ons onderwyser het ons vandag geleer om plofstof te maak”.
Ma: “Genugtig! Julle leer darem deesdae snaakse goed! En wat gaan julle môre by die skool doen?”
Fanie: “Watter skool?”

**Bron: Huisgenoot Digitaal, 10 Mei 2018**

3.14 Gebruik die werkwoord **was** om te toon wat ‘n **oorganklike werkwoord** is. (1)

3.15 Gee die meervoud van **plofstof.** (1)

3.16 Wat is die verkleiningsvorm van **ma**? (1)

3.17 Skryf die vroulike vorm van **onderwyser** neer. (1)

3.18 Gee ‘n voorbeeld van ‘n bywoord uit die grappie en benoem die bywoord. (2)

3.19 Watter tipe werkwoord is die woord **het**? (1)

3.20 Identifiseer en benoem die tussenwerpsel wat in hierdie grappie voorkom. (1)

3.21 Bestudeer Fanie se laaste spreekbeurt. Identifiseer en benoem die voornaamwoord. (2)

**KLAARPRAAT**

My terapeut het vir my gesê (3.21.1) ek ware innerlike vrede wil ervaar, moet ek alles klaarmaak waarmee ek begin het. Ek het sy raad (3.21.2) harte geneem. Tot dusver vandag het ek ‘n hele (3.21.3) sjokolade en twee pakke skyfies klaargemaak. Nou voel ek baie beter.

**Bron: Huisgenoot Digitaal, 10 Mei 2018**

3.22 Gee telkens die gepaste antwoord vir die woord in hakies.

3.22.1 Gee ‘n gepaste voegwoord. (1)

3.22.2 Gee ‘n gepaste voorsetsel. (1)

3.22.3 Verskaf ‘n gepaste versamelnaam. (1)

3.23 Skryf ‘n abstrakte selfstandige naamwoord uit hierdie grappie neer. (1)

3.24 Waarom word pakke met twee k’s geskryf? (2)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D : DIGTERLIKE ASPEKTE**

**VRAAG 4**

Voorsien die onderstaande voorbeelde met die korrekte literêre terme.

4.1 Die soort beeldspraak wat aangetref word in: So gelukkig soos ‘n springmielie. (1)

4.2 Wat word ‘n vraag genoem waaop nie ‘n antwoord verwag word nie? (1)

4.3 Watter stylfiguur tref ons aan in: Die soet en die suur van die lewe. (1)

4.4 Johan is n jakkals. Benoem die beeldspraak. (1)

4.5 ‘n Strofe wat uit 2 versreëls bestaan word ‘n _______________ genoem. (1)

4.6 Die term wat ons gebruik as ons presies die teenoorgestelde bedoel van wat gesê word. (1)

4.7 Die manier waarop ‘n gedig gedruk word, word _________________ genoem. (1)

4.8 Watter halfrym tref ons aan in: Die maan skyn vanaand helder op die atletiekbaan. (1)

4.9 Hierdie stippels word gebruik om spanning te verhoog. (1)

4.10 Wat word dit genoem wanneer een versreël oorgaan na die volgende versreël sonder enige leestekens? (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING D: 10**